

Die lewe is van God alleen

Die Here is lief vir sy volk. Hoor hoe praat Hy met Israel wat laag gedaal het, wat gestraf moes word met ballingskap, wat sonder geloof en uitsig geraak het: *Maar luister nou, my dienaar Jakob, Israel wat Ek uitverkies het: So sê die Here wat jou gemaak het, Hy wat jou gevorm het in die moederskoot en jou nou nog help: Moenie bang wees nie, my dienaar Jakob, Jesurun wat Ek uitverkies het* (vs 1-2).

Dit is liefdestaal. Dit is die taal van bemoeienis. Die Here vergeet nie sy eie in hulle dorheid nie. *Ek sal volop water gee op die dorsland, strome op die droë grond. Ek sal my Gees uitgiet op jou kinders, my seën op jou nakomelinge.*

Soos die Here met water die lewe wakker maak in die grond laat Hy deur sy Gees ons droë harte uitdy. Sy Gees bring groei en vrug en tintelende lewe terug waar dit droog en dor was. Hy verwag vrug van ons. In tye waarin ons van onself vol word en minder afhanklik lewe van God, laat Hy ons oor aan ons eie waters. Dan droog ons op. Dan dra ons nie die vrugte wat Hy soek nie.

Hoe heerlik dan om sy liefdesbetuiging, sy belofte van water, te hoor. Die lewe is van God alleen. Op Hom alleen moet ons gerig lewe. En op Jesus, in Wie Hy ons sy genade gegee het. Dit is tog Jesus wat geroep het: *“As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.” “Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Die Gees was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie”* (Joh 7:37 en 39).

Omdat Hy vir ons sonde aan die kruis betaal het en sy aardse werk klaar gemaak het, is Hy aan die regterhand van sy hemelse Vader verheerlik. Vandaar gee Hy die Heilige Gees en maak die nuwe lewe moontlik vir sy diensknegte.

Sing: Skrifberyming 8-1:2

Ds PA Odendaal (Harrismith/QwaQwa)